

# PRO REGNO

Daarom, omdat ons 'n onwankelbare **koninkryk** ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. – Hebr.12:28

Nommer 5

- *Vir die Koninkryk* -

18 Junie 2009 AD

## Inhoud

- *Wie mag die Sakramente bedien in Christus se Kerk ?*, J. Calvyn ... 1
- *Vroulike diakenen ?*, K. Deddens ... 3
- *Gelykwaardigheid van den Ampten*, J. van Genderen ... 6
- *Mag vroue tot die amp van diaken verkies word ?*, G.W. Knight ... 7
- *Die roeping van die vrou in God se Koninkryk: drie standpunte*, S. Le Cornu ... 11
- *Wettig geroep ?*, B. van der Eems ... 14

## WIE MAG DIE SAKRAMENTE BEDIEN IN CHRISTUS SE KERK ? Calvyn se antwoord in die lig daarvan dat die GKSA moontlik vroue tot die besondere ampte van ouderling en leraar wil toelaat<sup>1</sup>

*Wie die sakramente mag bedien*

Dit het ook op die onderwerp betrekking om te weet dat dit verkeerd bedien word as mense in hulle persoonlike hoedanigheid die bediening van die doop hulleself toe-eien. Die bediening van sowel die doop as die nagmaal is trouens deel van die kerklike bedieningsamp. *En Christus het die opdrag om te doop trouens nóg aan vrouens nóg aan mense na willekeur gegee, maar Hy het hierdie opdrag aan diegene wat Hy as apostels aangestel het, gegee.* En toe Hy sy dissipels beveel het om in die bediening van die nagmaal te doen wat hulle gesien het deur Hom gedoen word, aangesien Hy self die amp van wettige Uitdeler daarvan verrig het, was dit ongetwyfeld sy wil dat hulle daarin sy voorbeeld moes naboots. Ek kan dus nie sien hoe die gebruik wat reeds baie eeue lank en daarom amper van die begin van die kerk af posgevat het, naamlik dat leke wel in doodsgevaar die doop mag bedien as 'n bedienaar van die Woord op die tydstip nie aanwesig is nie, met 'n grondige redenasie verdedig kan word nie.

Selfs nie eens die skrywers van ouds wat hierdie gebruik gehandhaaf of geduld het, is seker of dit regtens kan gebeur nie. Augustinus bring hierdie twyfel trouens duidelik na vore wanneer hy sê: "Ek weet nie of iemand godvrugtig kan sê dat die doop herhaal moet word as 'n leek noodgedwonge die doop bedien het nie. Want as dit nie noodgedwonge geskied nie, is dit misbruik van 'n ander se amp. As nood hom egter daartoe dwing, is dit óf geen sonde nie, óf dit is vergeeflik". Verder is *sonder enige uitsondering oor vrouens op die Konsilie van Karthago besluit dat hulle dit volstrek nie op hulle mag neem om te doop nie.*

"Maar nou bestaan die gevaar dat iemand wat siek is, die genade van die wedergeboorte ontnem word as hy sonder om gedoop te word, sou sterf". Hoegenaamd nie ! Wanneer God beloof dat Hy vir ons 'n God sal wees en vir ons kinders na ons, verklaar Hy dat Hy ons kinders onder die wat aan Hom behoort, aanneem. In hierdie woorde word hulle saligheid saamgevat. En niemand sal waag om so beledigend teenoor God te wees dat hy sou ontken dat God se belofte vanself voldoende is om sy eie vrug te dra nie.

<sup>1</sup> Oorgeneem uit: Calvyn, J., Simpson, H., vertaal deur, & Brink C.M.M., t. (1998, c1991). *Institusie van die Christelike godsdiens*. In Volume 1 & 2 het L.F. Schulze ook gehelp met vertaling. (electronic ed.) (IV, xv, 20). Potchefstroom: Calvyn-Jubileum boekfonds: deel 4, hoofstuk 15, nr.20-22 (bl.1628-1631). Kursief en voetnota is bygevoeg.

Min mense het opgemerk hoeveel skade hierdie leerstuk, wat ook sleg verduidelik is, naamlik dat die doop noodsaaklik is vir ons saligheid, teweeggebring het. Daarom is mense ook minder waaksaam in verband hiermee, want toe die opvatting veld gewen het dat almal verlore is vir wie dit nie te beurt geval het om met water gedoop te word nie, was ons toestand slegter as die van die Israeliete—asof God se genade nou kariger is as onder die wet! Ons sal dan immers meen dat Christus gekom het, nie om die beloftes te vervul nie, maar om hulle tot niet te maak aangesien die belofte wat destyds kragtig genoeg was om vanself binne agt dae saligheid te verleen, nou sonder die hulp van hierdie teken kragteloos sou wees.

#### *’n Bespreking van die opvatting van die kerkvaders dat vrouens nie toegelaat mag word om te doop nie*

Uit Tertullianus se werke kan ons eerste aflei hoedanig die gewoonte voor Augustinus se geboorte was. *Tertullianus sê dat vrouens nie toegelaat word om in die kerk te praat nie; ook nie om te onderrig, of te doop of te offer nie om te voorkom dat hulle hulle enige deel van die manlike amp, om nie eens te praat van die priesterlike amp nie, sou toe-eien.* Ook Epiphanius is ’n oorvloedige getuie hiervan wanneer hy Marcion verwyt omdat hy aan vrouens vergunning gegee het om te doop. Die antwoord van mense wat die teendeel voel, is inderdaad nie aan my onbekend nie, naamlik dat daar ’n groot verskil tussen ’n algemene gebruik en ’n buitengewone hulpmiddel is wat die uiterste nood afdwing. Aangesien hy egter verklaar dat dit ’n bespotting is om aan vrouens vergunning om te doop te gee, en hy geen uitsondering maak nie, is dit duidelik genoeg dat hierdie bedorwe gebruik deur hom verdoem word *sodat dit onder geen dekmantel verskoon kan word nie.* Ook in sy derde boek waar hy leer dat dit selfs nie eens die heilige moeder van Christus vergun was nie, voeg hy geen uitsondering by nie.

#### *Beantwoording van ’n beswaar op grond van Sippora se optrede*

Die voorbeeld van Sippora word heeltemal onpaslik hier aangehaal. Want uit die feit dat die engel van God tevrede was toe sy ’n klip gegryp en haar seun daarmee besny het, word verkeerdlik die afleiding gemaak dat dit ’n daad was wat God se goedkeuring weggedra het. Andersins sou ons moes sê dat die godsdiens wat die heidene van Assirië af oorgebring en daar gevestig het, God ook behaag het. Maar ons kan met ander kragtige redes bewys dat die daad wat hierdie dwaas vrou verrig het, onverstandig nagevolg word.

As ek sou sê dat dit ’n uitsonderlike daad was wat nie nageboots behoort te word nie, en, veral aangesien nêrens gelees kan word dat ’n spesiale opdrag om die besnydenis eertyds te doen, aan die priesters gegee is nie, dat die rede vir die besnydenis verskil van die rede vir die doop, is dit kragtig genoeg om hierdie opvatting te weerlê. *Christus se woorde is trouens duidelik: "Gaan, leer al die nasies en doop". Omdat Hy dieselfde mense as verkondigers van die evangelie en as bedienaars van die doop aangestel het, en niemand in die kerk behalwe een wat daartoe geroep is soos Aäron, volgens die getuienis van die apostel, homself hierdie eer mag toe-eien nie, maak iemand wat sonder ’n wettige roeping die doop bedien, inbreuk op ’n ander se amp.* Paulus roep duidelik uit dat alles wat ons met ’n twyfelagtige gewete aanpak, selfs in die geringste dingetjies, soos in kos en drank, sonde is. *Gevolglik word daar in die geval van doopbediening deur ’n vrou baie swaarder gesondig terwyl die reël wat deur Christus gegee is, openlik daardeur geskend word. Ons weet immers dat dit sonde is om dit wat God saamgevoeg het, uitmekaar te skeur.*

Ek laat dit egter heeltemal daar. Ek wou slegs my lesers se aandag daarop vestig dat Sippora niks minder in gedagte gehad het as om diens aan God te lewer nie. Sy het gesien dat haar seun in doodsgevaar was, sy kreun en sy mor, en sy gooi sy voorhuid met verontwaardiging op die grond; sy skel so op haar man dat sy haar ook vir God vertoorn. Kortom: dit is duidelik dat hierdie hele daad uit die magteloosheid van haar gemoed voortgekome het want sy skreeu teen God en haar man dat sy gedwing word om haar seun se bloed te vergiet. Voeg hierby dat, as sy haar dan nog in alle ander opsigte reg gedra het, dit nogtans onverskoonbare voortvarendheid was dat sy haar seun in die

teenwoordigheid van haar eggenoot besny—en hy was nie maar net 'n gewone mens nie, maar Moses, die belangrikste profeet van God en daar het nooit 'n belangriker profeet in Israel opgestaan as hy nie. Dit was haar niks minder geoorloof om dit te doen as wat dit vandag vir vrouens onder toesig van 'n biskop geoorloof is nie.

Die volgende beginsel sal egter hierdie hele geskil sonder enige moeite uit die weg ruim: jong kinders wie dit te beurt val om uit hierdie huidige lewe te verhuis voordat dit hulle gegun is om gedoop te word, word nie uit die koninkryk van die hemele uitgesluit nie.

Tog het ons reeds gesien dat God se verbond ernstig veronreg word asof dit op sigself swak sou wees indien ons nie daarby berus nie, aangesien die krag daarvan nóg van die doop nóg van enige bykomstighede afhanklik is. Daarna kom die sakrament soos 'n seël by, nie om krag aan God se belofte te verleen asof dit op sigself swak is nie, maar slegs om dit vir ons te bekragtig. Daaruit volg dat die kinders van gelowiges nie gedoop word om dan vir die eerste keer kinders van God te word terwyl hulle tevore vreemd aan die kerk was nie, maar eerder om met hierdie plegtige teken in die kerk opgeneem te word omdat hulle reeds vroeër kragtens die weldaad van sy belofte aan die liggaam van Christus behoort het. Ons is daarom van alle gevaar gevrywaar as daar geen agtelosigheid, geen minagting, en geen verwaarlosing daarvan is wanneer ons hierdie teken agterweë laat nie. *Dit is dus baie heiliger om hierdie eerbied aan God se instelling te betoon dat ons die sakramente nie elders moet soek as waar die Here hulle geplaas het nie.* Wanneer ons hulle nie van die kerk kan bekom nie, is God se genade nie so daaraan vasgeheg dat ons dit nie deur die geloof uit die Woord van die Here kan verkry nie.

## **VROUWELIJKE DIAKEN ?** **prof. K Deddens<sup>2</sup>**

Die conclusie is: de vrouw moet zelf niet vermanen, maar zij moet zich rustig houden en zich laten onderwijzen. Komt een vrouw dan helemaal achteraan? Mag zij niet dienen in het 'ambt der gelovigen'? Dan moet gesteld worden dat 'subordinatie' niet hetzelfde is als 'inferioriteit' (Knight 1977: 55). De vrouw is in de beste zin van het woord 'complement' (Hordijk 1968: 68). Het slot van I Tim. 2 laat dat ook duidelijk zien: "Doch zij zal behouden worden, kinderen ter wereld brengende, indien zij blijft in geloof, liefde en heiliging, met ingetogenheid." Ook de vrouw heeft een zalving. Die zalving brengt mee dat zij de dienst van de liefde vervult en dat zij geheiligd wordt door de Heilige Geest.

Waar ligt dan de eerste taak van de vrouw? De apostel laat er geen twijfel over bestaan: in het gezin. Het is haar zaligheid, haar behoud (eigenlijk: haar levens ontplooiing, haar bestemming), kinderen ter wereld te brengen. Dat verkrijgen van kinderen omsluit ook de blijvende zorg, waarmee de moeder haar kinderen omringt. Zij moet dat doen met ingetogenheid, dat is: zelfbeheersing, zichzelf in bedwang houden. De vrouw moet niet over de man heersen, maar zij moet zich zelf beheersen.

### *Vrouwelijke diakenen?*

Het is duidelijk dat de apostel Paulus in I Tim. 2 spreekt over de getrouwde vrouw, zoals ook in zijn eerste brief aan de Corinthiërs. Wij vragen dan aanstonds: en de ongetrouwde vrouw dan ? Uit de brieven van Paulus blijkt dat hij een bijzondere taak ziet weggelegd voor de weduwen, ook voor ongetrouwde vrouwen. Maar als het gaat over het bijzondere ambt in Christus' kerk, wordt niet de vrouw genoemd, maar de man.

Het is opvallend dat de apostel aanstonds na I Tim. 2 gaat schrijven over de vereisten van het ambt en wij mogen zelfs zeggen dat zij hier tegenover elkaar afgebakend worden, de dienst van de vrouw en de dienst van de man. Het is een voortreffelijke zaak dat de vrouw kinderen voortbrengt en verzorgt, in

---

<sup>2</sup> Geneem uit die artikel 'Het Ambt en de Vrouw', in: P.J. Rossouw, *Gereformeerde Ampsbediening* (Pretoria: NG Kerkboekhandel, 1988), p.352-254. Hoogleraar in Amptelike Vakke, tydens die skryf van hierdie artikel, aan die *Theological College of the Canadian Reformed Churches*.

geloof en liefde. Maar als een man staat naar het ambt van opziener, dan begeert hij een voortreffelijke taak.

“Het doopvont rekruteert Gods soldaten, de kerkeraads bank mobiliseert Gods *officieren*. Wee de kerk, die een van beide vacant laat, die God moeizaam laat zoeken naar Zijn kinderen en naar Zijn ambtelijke knechten. Veel moderne, ook in de kerk doordringende huwelijkspraktijk, is hiermee geoordeeld. Evenzeer veel valse geestelijkheid, die het ouderlingenambt of idealiseert of degradeert” (H. J. Schilder 1981: 282).

In het slot van I Tim. 2 spreekt Paulus dan vooral over de begeerlijke taak van de vrouw en hij vervolgt dan in het begin van hoofdstuk 3 met de begeerlijke taak van de man. Hij laat dan de vereisten voor het bijzondere ambt van de man horen. Daar hoort ook bij dat de opziener de man van één vrouw moet zijn, niet van meer dan één vrouw. Daar hoort eveneens bij dat hij een goed bestuurder moet zijn van zijn eigen huis. Hij moet met alle waardigheid zijn kinderen onder tucht houden.

Ook van het andere bijzondere ambt, dat van de diakenen, geldt dat zij maar één vrouw mogen hebben. Ook zij moeten hun eigen huis en hun kinderen goed besturen. Het moet met de gezinnen van de ambtsdragers goed staan, het moet ook met hun huwelijken goed staan. Het ambt is een uiterst gewichtige zaak in de kerk van Jezus Christus en de bijzondere ambtsdragers moeten voorbeelden zijn voor de gemeente, in leer en wandel.

Zo correspondeert hoofdstuk 2 met hoofdstuk 3. Het kan de bedoeling van de apostel niet zijn, een ‘hint’ te geven voor het bijzondere ambt voor de vrouw. Hoogstens kan men zeggen dat in I Tim. 3:11 een taak voor vrouwen in de gemeente is weggelegd, zodat er een bepaald verband is met I Tim. 5, waar gesproken wordt over de weduwen in de gemeente. Maar men moet dan niet spreken over ‘vrouwelijke diakenen’. Het is opvallend dat Paulus zowel in vers 8 als in vers 12 alleen het mannelijke woord voor diakenen gebruikt. Vrouwen — vooral oudere weduwen — mochten ook diensten verrichten, maar men moet daarvoor niet het woord diakenen annexeren. Veeleer valt te denken aan hulpdiensten in de gemeente (cf. Hendriks 1985: 17).

In I Tim. 5:9 valt te lezen: “Als weduwe kome in aanmerking iemand niet beneden de zestig jaren.” Voor ‘in aanmerking komen’ staat in het Grieks een uitdrukking, waarvan het woord *catalogus* is afgeleid. Deze weduwen werden op een lijst geplaatst. Dat woord duidt op een georganiseerde dienst, zoals die ook na de tijd van de apostelen heeft bestaan. De taak van deze weduwen bestond vooral in het verzorgen van de behoeftigen en het verplegen van de zieken.

Maar dat is geen zaak van het bijzondere ambt waar Paulus in zijn pastorale brieven over spreekt. Dat bijzondere ambt, dat de apostel begerenswaardig acht voor de mannelijke leden van Christus’ gemeente, wordt door hem duidelijk afgebakend tegenover de stille, dienende, verzorgende taak van de gehuwde en de ongehuwde vrouw in Christus’ kerk.

### *Conclusie*

De gegevens van de Heilige Schrift sluiten de vrouw uit van de bijzondere ambten in Christus’ kerk. Het heeft onze wijze God goed gedacht, deze ambten te reserveren voor mannen, die bekwaam zijn om te dienen (Bavinck 1918: 144).

Zoals gelijkwaardigheid in de ambten niet hetzelfde is als gelijkheid (Rossouw 1984: 117), zo betekent ook de gelijkwaardigheid van de vrouw aan de man nog niet dat zij op gelijke wijze als hij kan dienen in het ambt.

Zowel autoriteit als subordinitie moeten zuiver worden vertolkt. “De man zal zich wachten voor de uitwas van tyrannie, de vrouw voor een valse emancipatie” (Hommes 1951: 100).

Dat betekent aan de ene kant dat het werk en de roeping van de beide sexen verschillend blijven (Eeles 1919: 4), maar aan de andere kant mogen beide sexen met Christus zijn bekleed, zowel mannelijk als vrouwelijk (Gal. 3: 27, 28).

Wij zagen dat voor de vrouw, zowel in het Oude als in het Nieuwe Testament een rijke en rijkmakende taak is weggelegd. De vrouwen van Gods gemeente hebben in geloof, liefde en heiliging haar weg te gaan. Hetzelfde geloof in Christus bindt man en vrouw samen; de liefde tot Christus verbindt hen, ook in de onderlinge verhouding, en evenzeer als de man mag de vrouw delen in de genade van de Heilige Geest die heel het leven heiligt tot Gods eer. Zo mag de vrouw haar eigen plaats innemen. “Zij is vrouw,

en zij moet in alles ten volle vrouw zijn en blijven; en de mannen moeten haar daarin ten schild zijn” (Sikkel 1920: 36).

Tegenover de geest van de tijd die alle bakens wil verzetten en die wil tornen aan Gods normen, mag de kerk de vrijheid van de vrouw prediken als een vrijheid tot de dienst van God. Het gaat om levende leden van het levende lichaam van de kerk. Mannen en vrouwen mogen, ieder met eigen gaven en op hun eigen plaats, naar de oude paradisaalse opdracht, die in Christus weer terugkomt, cultuurdragers zijn. Zij zijn geroepen op deze wereld in te werken, haar te bouwen en te bewaren.

De wereld is de werkvloer, waarop Gods kerkvloer wordt gelegd.

“De kerk is het, waarin Christus de Geest Gode kinderen laat verwekken. De kerk alleen baart, als moeder der gelovigen, die ‘nieuwe’ mensen, welke, ook inzake het cultuurleven, lastendragers zijn voor heel de wereld” (K. Schilder 1948: 110).

Daarom moeten Gods kinderen, mannen zowel als vrouwen, gemobiliseerd worden tot de grote antithetische strijd in Gods koninkrijk, gemotiveerd tot zijn dienst:

zij mogen in hun eigen dienst de grote dag tegemoet leven en zij moeten wakker zijn wanneer de Bruidegom verschijnt. Dan mogen zij met de verhoogde Heiland het grote feest vieren van de bruiloft, als de mannen en de vrouwen, de jongens en de meisjes, de broeders en de zusters, die zijn verschijning hebben liefgehad.

#### *Bronnelys*

H. Bavinck — De vrouw in de hedendaagsche maatschappij, Kampen, Kok, 1918.

J. van Bruggen — Emancipatie en Bijbel, Amsterdam, Holland, 1974.

J. van Bruggen — Ambten in de apostolische kerk, Kampen, Kok, 1984.

R. Camminga — Women in Church Office, Doon, Iowa, Reformed Witness, n.d.

K. Deddens — De dienst van de vrouw in de kerk, Groningen, Dc Vuurbaak, 1978.

F. C. Eeles a.o. — The Ministry of Women, London, S.P.C.K., 1919.

V. Elizondo/N. Greinacher — Women in a Men's Church, Concilium nr. 134, Edinburgh/New York, Clark/Seabury Press, 1980.

H. J. J. Feenstra — De vrouw en het ambt, Almanak F.Q.I., Kampen, 1985.

A. N. Hendriks — Het ambt en de positie van de diaken in de gemeente van Christus, Dienst nr. 4, 33e Jaargang, 1985, p. 15-31.

N. J. Hommes — De vrouw in de kerk, Franeker, Wever, 1951.

A. Hordijk — Een hulp die bij hem past, Goes, Oosterbaan & Le Cointre, 1968.

G. Huls — De dienst der vrouw in de kerk, Wageningen, Veenman, 1951.

A. Janse — Eva's Dochters, Groningen, De Vuurbaak, z.j.

E. P. J. Kleynhans — Gereformeerde Kerkreg, II, Pretoria, N.G. Kerkboekhandel, 1984.

G. W. Knight III — The New Testament Teaching on the Role Relationship of Men and Women, Grand Rapids, Baker Book House, 1977.

P. J. Rossouw — Praerogativa Singularis: Amp in die kontemporêre gereformeerde pastoraat, Bloemfontein, U.O.V.S., 1984.

H. J. Schilder Rachels Troost, Goes, Oosterbaan & Le Cointre, 1960.

H. J. Schilder — Het kerkschip biedt behouden vaart, Kampen, Van den Berg, 1981.

K. Schilder — Christus en Cultuur, Franeker, Wever, 1948.

## DE GELIJKWAARDIGHEID VAN DE AMBTEN

Dr. J van Genderen<sup>3</sup>

Een ouderling staat er niet alleen voor. De ambtsdragers zijn samen belast met de leiding en verzorging van de gemeente.

Als wij vooral op de taak van de ouderlingen letten, moeten wij de eenheid van het werk in het oog houden dat aan de ambtsdragers opgedragen is. Ieder van hen heeft er zijn aandeel in. Daarbij is het beraad van wezenlijke betekenis. De ambtsdragers spreken met elkaar over de mogelijkheden die zij zien en over de moeilijkheden die zij ontmoeten. In de vergaderingen worden de beslissingen genomen en dat gebeurt na gemeenschappelijk overleg.

De predikanten, ouderlingen en diakenen vullen elkaar aan. Waarin ze ook onderscheiden zijn, ze zijn één in zorg voor de gemeente van Christus.

De volgorde waarin we de ambten meestal noemen, lijkt in de verste verte niet op een rangorde. Rome heeft een rangorde van bisschoppen — met de bisschop van Rome aan het hoofd — priesters en diakenen. Maar de Reformatie heeft deze hiërarchische inrichting van de kerk radicaal verworpen.

Het is evenmin een functionele orde, zoals die onder ambtenaren kan bestaan: hogere, middelbare en lagere ambtenaren. Ambtsdragers zijn geen ambtenaren en ze zijn ook niet zo in te delen.

Wie meer uitgaat van één ambt dat op de voorgrond staat dan van de eenheid van het ambtelijk werk, kan de ouderlingen en diakenen gaan beschouwen als medewerkers van de predikant. Dat zou tot dominocratie kunnen leiden.

Sommige gereformeerde theologen hebben wel uitdrukkingen gebruikt die wij niet moeten overnemen. Volgens Koelman waren er hogere en lagere ambten en waren de lagere in de hogere begrepen. Vroeger stond er in het bevestigingsformulier iets over de hulp en bijstand die de ouderlingen de predikanten hadden te bieden. Dat was op zichzelf niet onjuist. Het kwam echter we in een verkeerd licht te staan door de vergelijking van de ouderlingen met de levieten die als helpers aan de priesters waren toegevoegd, omdat de priesters niet alles alleen konden doen.

Men kan in de kerken hier en daar nog wel resten vinden van de opvatting, dat de predikant hoger staat dan de ouderling en de ouderling weer hoger dan de diaken. Maar wij mogen niet in termen van rangorde of overwicht denken.

Voor een ouderling betekent dat, dat hij zich als ambtsdrager niet de mindere moet voelen van de predikant, ook al heeft hij geen speciale opleiding gehad en al strekt zijn taak zich minder ver uit.

De ambten zijn niet aan elkaar gelijk, maar ze zijn wel gelijkwaardig. Er is een eenheid in verscheidenheid en een verscheidenheid binnen de eenheid.

De apostel Paulus heeft in 1 Kor. 12 laten zien, hoe alle gaven die er zijn, kunnen functioneren in het grote geheel van het lichaam van Christus. Het oog kan niet zeggen tot de hand: ik heb u niet nodig, of ook het hoofd tot de voeten: ik heb u niet nodig. Dat kunnen de ambtsdragers evenmin tegen elkaar zeggen. Ze hebben allen gaven ontvangen voor hun eigen ambt. En ze hebben elkaar nodig.

Zoals de verscheidenheid in de gemeente zich weerspiegelt in de verscheidenheid van gaven die aan de ambtsdragers met het oog op de vervulling van hun eigen opdracht en hun onderlinge samenwerking geschonken zijn, zal de wijze waarop de ambtsdragers hun gaven in goede harmonie dienstbaar maken aan de opbouw van de gemeente als lichaam van Christus, weer een voorbeeld zijn voor de onderlinge dienst en de gemeenschapsoefening in de gemeente van Christus.

---

<sup>3</sup> Geneem uit: D. Koole en W.H. Velema (red.), *Uit liefde tot Christus en Zijn Gemeente: Een handreiking aan de ouderling* (Kampen: Kok, 1982), p.64,65. Van Genderen was professor in Dogmatiek aan die Theologische Skool van die Christelijke Gereformeerde Kerke in Nederland.

## **MAG VROUE TOT DIE AMP VAN DIAKEN VERKIES WORD ?** **dr. George W. Knight, III**

Dr. Knight is adjunk-professor in Nuwe Testament by die *Greenville Presbyterian Theological Seminary* in die VSA ([www.gpts.org](http://www.gpts.org)) asook voorsitter van die "Committee on Ecumenicity and Interchurch Relations", van die *Orthodox Presbyterian Church*, susterskerk van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika (<http://www.opc.org/>).

[Oorgeneem uit die "Banner of Truth" tydskrif, November 2008 uitgawe (p.14-21). Vertaal deur Slabbert Le Cornu. Vertalingsnotas: I. Die artikel is so letterlik as moontlik vertaal, behalwe daar waar dit vertaal is vir ons afrikaanse konteks. II. Ek het die paar Griekse woorde wat gebruik word getransliterer. III. In Afrikaans het ons nie twee onafhanklike woorde om die huwelikstatus van mense aan te dui nie, soos in die Engels nie: 'men/women' en 'husband/wives'. Ons huwelikstatus aanduiding vind plaas deur die gebruik van verskillende voornaamwoorde, bv. my vrou, jou vrou, ens. Ter wille van belangrike eksegetiese argumente, het ek hoofsaaklik 'women' in afrikaans vertaal as 'vroue' en 'wives' as 'getroude vroue' (en soms 'die diakens se vroue'). Sien gerus die oorspronklike engelse artikel hier: [www.esra-instituut.co.nr](http://www.esra-instituut.co.nr). (gaan na 'vrou in die amp' skakel)]

Die Griekse woord *diakonos*, wat in Afrikaans in as 'diaken' getransliterer word, verskyn 29 keer in die Nuwe Testament; in die meeste gevalle word dit weergegee as 'dienaars', en in die tweede meeste geval word dit in Afrikaans as 'bedienaars' weergegee. Verskeie kere word dit gekoppel met die woord vir opsiener of ouderling as die tweede van die twee ampte in die Nuwe Testament en word vertaal met die woord 'diaken' (sien Filip.1:1; 1 Tim.3:8,12). Die sewe wat verkies is in Jerusalem is verkies om 'tafels te bedien' (Hand.6:2, die ooreenstemmende werkwoordvorm van die selfstandige naamwoord *diakonos*, word gebruik, naamlik *diakoneō*), en die beskrywing van hul amp in ooreenstemming met dié van die apostels (die eerste ouderlinge, sien 1 Petr.5:1) lei 'n mens daartoe om te erken dat hulle die eerste 'diakens' was.

Dus is die 'diakens' ter sprake in Filippense, 1 Timoteus en in Hand.6, en word ook moontlik na verwys in Rom.12:7 ('of bediening, in die werk van bediening'), en dalk ook in 1 Kor.12:28 ('helpers'). Daar word oor slegs een verwysing gedebateer oor hoe dit vertaal en verstaan moet word in Afrikaans, naamlik, Romeine 16:1-2, waarna ons later sal kyk in hierdie artikel.

### **Hoe sal 'n antwoord gevind word ?**

Sommige dink dat die antwoord op die vraag wat in die titel van hierdie artikel gestel word eenvoudig gegee word deur bloot te wys na die pligte van die diakenamp. Hul argument stel dit dat, aangesien Paulus duidelik sê vroue mag nie "onderrig gee of oor die man heers nie" (1 Tim.2:12), daarom is hul vanselfsprekend uitgesluit van die amp van predikante en lerende ouderlinge; maar – dit is hier waar die afleiding begin – aangesien die diakenamp nie bestaan uit beide onderrig of om gesag uit te oefen nie, daarom mag vroue verkies word tot die diakenamp.

Ek kan verstaan hoe iemand dalk so kan dink, want ek het ongeveer dieselfde idee geargumenteer as een van die vertrekpunte in my verdediging van my doktorsale dissertasie in 1968 (*The Faithful Sayings in the Pastoral Letters*). Did lees soos volg: "The nature of the office of deacon and the nature of woman would permit women to be deaconesses; but the nature of the office of elder or minister and the nature of woman would not permit women to be elders or ministers."

Alhoewel ek nogsteeds hou by die tweede helfte van hierdie vertrekpunt, het ek, in die lig van die verdere bestudering van die Skrifte, tot die besef gekom dat die eerste helfte van my vertrekpunt verkeerd is.

Hoe so ?

### **Handelinge 6:1-6**

Laat ons eerstens Handelinge 6 in sy konteks hanteer. Die apostels het self die pligte van die diakens nagekom vir die gemeente in Jerusalem. In die midde van daardie sorg het daar 'n klag ontstaan van die Griekssprekende dissipels wat gesê het dat "hulle weduwees in die daaglikse versorging oor die hoof gesien is" (Hand.6:2, beklemtoning bygevoeg om die verbinding uit te lig). Om hierdie klag aan te

spreek dat die Griekssprekende weduwees verwaarloos word en terselfertyd om die apostels te help sodat hulle hulself kan toewy aan "gebed en die bediening van die woord" (Hand.6:4), het die gemeente verkies, soos deur die apostels versoek, sewe manne, waarvan almal name het wat Grieks klink. Daar moet kennis geneem word van hierdie optrede, veral omdat die gemeente 'n groep verkies het wat in hul geheel name gehad het wat *Grieks* blyk te wees, juis om die klag aan te spreek van die *Grieks*-sprekende dissipels. As daar ooit 'n gemeente was wat vroue moes verkies het as diakens, veral omdat hulle wat gehelp moes word vrouens was, dit is weduwees, is hierdie die gemeente wat dit moes gedoen het. Maar waarom is nie eers een ooit oorweeg nie? Omdat die twaalf apostels gesê het dat hulle wat verkies word, moet 'manne' wees (Hand.6:3; die Griekse woord is *anēr*, die woord wat gewoonlik op 'n volwasse manlike persoon wys, soos ook blyk uit die name van hulle wat verkies is, Hand.6:5). Dus in die stel van my vertrekpunt (in my dissertasie), het ek nie die feit dat die apostels manlike diakens vereis het, genoegsaam verreken nie. Maar, ek en ander is gebonde aan die apostoliese verordening, wat uitgedruk word deur hierdie vereiste, aangesien hierdie vereiste relevant is vir alle gemeentes, soos dit was vir die gemeente in Jerusalem.

### 1 Timoteus 3:8-13

Ons kyk vervolgens na 1 Timoteus 3:8-13 (in sy konteks van die voorafgaande verse, 1-7). Hierdie gedeelte het baie om ons te leer. **Eerstens**, daar staan geskrywe dat beide die opsieners en die diakens "die man van een vrou" moet wees (3:2,12; vir 'n analise van wat hierdie frase presies beteken, sien my *The Pastoral Epistles* [New International Greek Testament Commentaries, Eerdmans/Paternoster, 1992], pp.157-9). Dit beteken dat hulle huweliks- en seksuele trou sal demonstreer. Soos in die sewende gebod, "Jy sal nie egbreek nie", wat geplaas word in verwysing na die huwelik (deur die woord *egbreek* te gebruik), word die sondes van hoerery voor die huwelik verbied asook ander seksuele sondes. Maar hierdie vereiste van ampsdraers vereis nie dat hul getroud moet wees nie (of later, wanneer oor kinders gepraat word, dat hul ten minste twee kinders moet hê om te kwalifiseer nie), maar in watter staat hul ookal is (enkel of getroud) moet hul die getrouheid weerspieël wat deur die taal van die huweliksituasie uitgedruk word.

Ons leer dus die bindende vereiste van manlikheid in die konteks van om die man van een vrou te wees, sonder om 'n vereiste op te lê bo dit wat bedoel is, naamlik om ongetroude mans uit te sluit vir die ampte.

Netso, leer ons om die bindende karaktertrekke van manlikheid wat vereis word in Handeling 6 te erken sonder om aan te dring dat die plaaslike nood van 'sewe' verstaan moet word as 'n algemene apostoliese lering wat toegepas en gevolg moet word in elke gemeente en in elke situasie.

**Tweedens**, leer ons dat die woord 'diakens' word toegepas op mans in beide vers 8 en vers 12. Dit word gesien in die feit dat dieselfde individue in oog is in beide verse; en daarvan getuig die feit dat die woord 'diakens' gebruik word in vers 12 om die lyn op te tel van die 'diakens' waarvan gepraat word in verse 8-10, en daardeur word die vrouens waarvan gepraat word in vers 11 verbygegaan. Hierdie diakens word afgebeeld as mans deur hul beskrywing as die "manne van een vrou" in vers 12.

**Derdens**, in vers 11 word vrouens bekendgestel met sekere vereistes wat dieselfde is as dit wat vereis word van die manlike diakens van verse 8-10 en 12-13. Deur die inleidende woord 'netso', *hosautos*, word hul beide vergelyk met en gedifferensieër van ander in die lys, veral die naaste groep, die diakens. Hulle word benoem in die Griekse teks met die meervoud van die Griekse selfstandige naamwoord *gunaikas* (van die basiese vorm *gunē*) wat hoofsaaklik beteken 'vroue' of 'getroude vroue' ('women or wives'), met die konteks wat bepaal watter een word bedoel.

Die verskillende sienswyses oor wie die (vroue) is waarvan gepraat word in vers 11, is hoofsaaklik vier:

1. hulle is ook diakens,
2. hulle is 'diakonesse', in onderskeid maar ook vergelykbaar met die diakens,
3. hulle is vroulike assistente van die diakens,
4. hulle is die vroue van die diakens.



## Oorweging van die Vier Sienswyses van Vers 11

Nieteenstaande dat vroue behandel word in hierdie afdeling wat handel oor diakens, wat 'n argument is om te oorweeg dat hul diakens is, asook dat hul dieselfde karaktertrekke moet hê as die diakens, word hul nietemin heeltemal te duidelik geonderskei van die diakens (deur die 'net so', deur die gebrek aan 'n diakonale titel wat aan hul gegee word, en vir een ander rede wat later genoem sal word) vir hulle om aangedui te word met die titel 'diaken', aangesien Paulus nie aan hulle die titel gee nie. Om hul aan te dui as diakonesse is om te doen wat Paulus nie gedoen het nie (die oorwegings vir hierdie standpunt mag geredelik erken word aangaande sienswyse 3, dat hul die vroulike assistente is vir die diakens, maar sonder die titel, wat Paulus nie aan hulle gee nie). Die feit van wat Paulus *geskryf het en nie geskryf het nie*, het meer betrekking tot hierdie vraag as spekulasies oor wat hy *dalk* bedoel het.

Sienswyse een en twee is kortliks oorweeg, dit is nou tyd om die meer basiese vraag te oorweeg: of die Griekse woord vertaal moet word as 'vroue' of 'getroude vroue' ('women' or 'wives'), want hierdie is die werklike kern van die vraag oor die verstaan van wat Paulus bedoel met wat hy geskryf het.

Hier is verskeie faktore wat almal saamgevoeg word. Daardie faktore is as volg:

1. Die konteks waarin die woord verskyn.
2. Waarom word hulle in vers 11 genoem in die midde van 'n oorkoepelende bespreking van manlike diakens.
3. Waarom word huwelikstrou nie vir hulle genoem nie, soos in die geval vir die opsiener, manlike diakens en selfs vir die weduwees wat gekies word (5:9).
4. Waarom word die woord sonder 'n lidwoord gebruik of enige besitlike voornaamwoord wat hul met die diakens koppel.
5. Waarom word hul bespreek en uitgewys met hierdie kwalifikasies

In hierdie gedeelte word daar in die algemeen nie van vroue verwag om hierdie karaktertrekke te besit nie, maar dit word wel verwag van assistente van die diakens of van getroude vroue. Die naaste gebruik van hierdie Griekse woord (*gunē*) is verse 12 en 2 waar die vertaling sonder twyfel 'getroude vroue' (wives) is. En die vers wat volg, vers 12, is sekerlik 'n baie nabygeleë konteks. [As vers 12 voor vers 11 geskryf was, sou ons heel moontlik nie eers hierdie vraag bespreek het nie]. Vanuit Paulus se besorgdheid vir die jonger weduwees in 5:11-14, wil dit blyk dat hy (die vrouens van diakens) aanwys om hul mans te help (eerder) as vrouens oor die algemeen. Verder, en dalk die mees betekenisvolle, die vertaling van die Griekse woord vir 'getroude vroue' (wives) mag ons help om te verstaan waarom die behandeling van hierdie vroue hier ingesit is in hierdie gedeelte op hierdie punt, asook waarom daar geen vereiste is dat hul 'die vroue van een man' moet wees nie, soos dit vereis word vir diakens.

Waarom verskyn vers 11 voor vers 12 wat handel oor die diaken se vrou, kinders en huishouding? As hulle wat in sig is in vers 11 die diakens se vroue is (wives), dan word hul aangespreek as getroude vroue in 'n inleiding tot die gesinsituasie van hul mans wat verder behandel word in vers 12. As die vier punt afbeelding van die vrou se kenmerke in vers 11 ooreenstemmend is in nommer en inhoud aan dit wat vir die mans gegee word in vers 8, waarom is die ooreenstemmende kenmerk van om "die vrou van een man" te wees nie aan hulle gegee nie?

Die antwoord mag lê in die feit dat, aangesien hul die vroue is van die diakens, en aangesien die huishoudings van diakens gekenmerk word deur huwelikstrou, daardie waarheid dus ook van toepassing is op die vroue en daarom is dit nie nodig om daardie *vereiste* weer te herhaal nie.

Maar as die Griekse woord vertaal is as vroue in die algemeen (women), dan kan hierdie antwoorde nie meer dien as antwoorde nie, en dan bly die vrae 'n probleem.

**Laastens**, daar word aangekla dat om 'vroue' of 'getroude vroue' ('women or wives') sonder die lidwoord te hê, of sonder die besitlike voornaamwoord, soos 'hulle', maak van 'getroude vroue' 'n minder duidelike verklaring. Dit is sekerlik waar dat die gebrek aan 'n besitlike voornaamwoord die argument minder potdig maak, maar die gebruik van Paulus in hierdie hele gedeelte van verse 1-13 wys dat hy na mense verwys sonder die lidwoord of die besitlike voornaamwoord (sien *The Pastoral Epistles*, p.172), en hierdie is maar een vers van vele wat daardie patroon volg. Eweneens, volg Paulus dieselfde patroon van om nie die besitlike voornaamwoord te gebruik wanneer hy oor mans en hul vroue op ander plekke skryf nie (sien bv. Kol.3:18,19; Ef.5:22-25).

Dit moet sekerlik raakgesien word dat van hierdie (getroude) vrouens vereis word om die kwaliteite te hê wat voorgeskryf word vir hulle indien hulle hul mans gaan bystaan in hul pligte. Daar word nie van hul vereis om 'eers 'n proeftyd' deur te maak, soos hul mans, die diakens nie (3:10), want hul word nie verkies tot hierdie amp nie, maar hul mans word daartoe verkies.

Maar die getroude vroue wat hierdie eienskappe wys en wat begeer om hul mans te help as (laasgenoemde) dien as diakens, moet deur elke gemeente en ampsdraers aangemoedig word, en nie ontmoedig word nie. As ons dit doen sal ons volle gewig verleen aan dit wat hierdie gedeelte sê en ook let op wat dit nie sê nie.

### **'n Opsomming van Handeling 6:1-6 en 1 Tim.3:8-12**

Ons moet opsom wat ons uigevind het van Handeling 6 en 1 Timoteus 3. In Handeling 6 het die apostels voorgeskryf dat hulle wat die tafels moet bedien, moet mans wees, en Paulus vereis dat hulle wat nou aangewys word en verkies word as diakens in 1 Timoteus 3, ook mans moet wees. Wanneer hy oor vroue (getroude vroue) skryf met dieselfde vereistes as vir manlike diakens, gee hy nie vir hul die titel van diaken nie, nieteenstaande dat hierdie die tyd sou gewees het om hul diakens te noem, as dit sy bedoeling was dat hul dit moes wees.

Dus in 1 Timoteus 3, die mees volkome gedeelte oor diakens in die Nuwe Testament, kry ons diakens wat duidelik as manlik aangedui word, en (hul) vrouens wat langs hul genoem word, maar sonder die amptelike titel.

### **Romeine 16:1-2**

Dit bring ons by die gedeelte waaroor daar heelwat dispuut is, Romeine 16:1-2, wat as volg lees: "*Ek beveel by julle aan ons suster Fébé, wat 'n dienaar (diakonos) is van die gemeente in Kenchrée, <sup>2</sup> dat julle haar ontvang in die Here, soos dit die heiliges betaam, en haar bystaan in elke saak waarin sy julle nodig mag hê. Want sy was vir baie 'n beskermster en ook vir my.*

Die vraag wat hier op die spel is, is hoe *diakonos* vertaal behoort te word. Moet die woord weergegee word as 'dienares' (*servant*) soos die ESV en vele ander vertalings dit doen (NIV, NASB, KJV, NKJV), of as 'deacon' (NRSV, TNIV), of 'deaconess' (RSV, NIV kanttkening?). 'n Hele paar van die vertalings gee die woord as 'dienares' deur omdat dit die meeste ooreenkom met die gebruik van die woord in Paulus se briewe, beide positief en negatief. Hy gebruik die woord alleen as 'diaken' met die mans in 1 Tim.3:8 en 12, en hy het dit nie gebruik vir die vroue in 1 Tim.3:11 nie. Hierdie is die normale manier om vas te stel hoe 'n (Afrikaanse) woord weergegee word van die Griekse gebruik deur die outeur.

Maar, as gevolg van die gebruik daarvan met die frase "*van die gemeente in Kenchrée*" en ander faktore wat vertalers mag raak, het sekere vertalings hierdie woord as 'diaken' of 'diakones' weergegee.

Een van daardie faktore, is inderdaad die argument van sommiges dat in die stelling 'om 'n *diakonos* ... te wees' die teenwoordige aktiewe partisipium van die Griekse werkwoord (*eimi*) konsekwent gebruik word om 'n persoon se optrede of amp te identifiseer in die Nuwe Testament. Dit word wel soms so gebruik, maar nie altyd en ook nie konsekwent nie. Om een voorbeeld te gee, vergelyk Lukas 13:16, waar Lukas skryf van 'n vrou "wat 'n dogter van Abraham is". 'Om te wees' met die woord wat volg dui aan wat daardie persoon is, of dit nou 'n 'dogter', soos hier is, of 'n 'dienares', soos in Romeine 16:1. Maar dit bepaal nie altyd 'n persoon se optrede of amp nie, soos dit duidelik is met die gebruik van 'dogter' in Luk.13:16. Dit is beter om te vra na Paulus se gebruik van die term *diakonos* op ander plekke in die Nuwe Testament om so die betekenis hier vas te stel, as om te argumenteer vanuit die minder konsekwente gebruik (van 'n woord).

Ons het die agtergrond van Handeling 6 en 1 Timoteus 3, met sy spesifieke gebruik deur Paulus. Dit, vir my, beslis die saak van die verstaan van 'dienares'. Romeine 16:1-2, gee daarom nie 'n voorbeeld van 'n vroulike diaken nie. Watter ander faktore in die gedeelte kan ons dalk help om hierdie vraag verder te antwoord? Daar is twee sake. Eerstens, Paulus se stelling oor hoe sy verwelkom moet word. En, tweedens, die rede wat deur Paulus gegee word waarom Fébé gehelp moet word.

Paulus verklaar dat sy verwelkom moet word "in die Here, soos dit die heiliges betaam". Sy moet verwelkom word as 'n mede 'heilige', nie as 'n ampsdraer van die gemeente nie. Ja, die inleidende

woorde is betekenisvol om ons te herinner aan haar diensbaarheid as 'n dienaar, maar dit beskryf haar vroomheid/toewyding, nie haar amptelike hoedanigheid nie. En, tweedens, dit is as gevolg van haar hulpbetoning as 'beskermster' vir so baie, insluitende Paulus, dat hy spesifiek vra dat hulle haar sal help.

### Hoe sal ons antwoord op ons titelvraag ?

Dit is my uitgemaakte oortuiging dat Handeling 6 en 1 Timoteus 3 die vraag moet beslis, beide vir die kerk en vir die individuele Christene vandag, en dat Romeine 16:1-2, reg verstaan moet word binne die groter raamwerk wat deur hierdie tekste uitgelê word. Die twaalf vra vir manne om verkies te word as eerste diakens in Handeling 6:3 (wat so verstaan word volgens hul taakbeskrywing).

Paulus het later wanneer hy die einde van sy briewe bereik met sy woorde aan Timoteus in hoofstuk 3 van 1 Timoteus, dit duidelik uiteengesit dat diakens manne moet wees (1 Tim.3:8,12). Binne hierdie duidelike raamwerk van Paulus het hy bemoedigend geskryf oor Fébé, sy vriend(in) en dienaar van die kerk, sodat die Romeinse Christene haar sal help, soos sy baie ander gehelp het.

Die vraag wat in die titel gevra is moet geantwoord word met die inligting wat in die Woord van God gegee word. Daarom moet ons aanhou om mans te verkies as diakens, soos die twaalf en Paulus ons geleer het om te doen. En, ons moet die woorde van Paulus in 1 Tim.3:11 in ag neem, om die vroue van diakens te bemoedig en te gebruik in die arbeid waartoe Hy hul mans geroep het om na te kom.

## DIE ROEPING VAN DIE VROU IN GOD SE KONINKRYK – DRIE STANDPUNTE S Le Cornu

In vandag se “gender wars” moet ons kennis neem daarvan dat daar nie slegs twee standpunte in die wêreld en in ons kerke bestaan oor die roeping, take en rolle van mans en vroue nie, maar drie.

Al vir dekades is daar die debat tussen die komplimentêre vs egalitariese beskouing. Maar, daar is ook 'n derde beskouing, wat ek terwille van gesprek die leier-hulpskap beskouing gaan noem. Nou gaan ek my verduideliking gee daarvan, in die konteks van ons dekadellange debatte oor hierdie saak:

1. die *egalitariese* beskouing, hetsy *militante* feminisme (buite die kerk) of die *evangeliese* feminisme (binne die kerk) sien die man en vrou in alles gelyk, en dan spesifiek wat die evangeliese feminisme betref, dat:

- 1.1 die man en vrou gelyk in waarde en wese is voor God,
- 1.2 dat hul gelyk deur Christus gered word, maar daarom ook,
- 1.3 gelyk is in alle rolle en take.

Dus, die besondere ampte, soos enige beroep in die samelewing, is oop vir mans en vrouens wat aan die nodige vereistes voldoen.

2. die *komplimentêre* beskouing, glo dat:

- 2.1 mans en vrouens is gelyk in waarde en wese,
- 2.2 gelyk in hul redding in Christus, maar
- 2.3 dat hul verskillende in rolle en take *in die kerk is*.

Dus, die vrou kan enige beroep in die samelewing beklee, maar in die kerk mag sy nie in die besondere ampte staan nie (party meen sy kan wel as diaken, maar nie as ouderling en predikant nie).

Vir hierdie beskouing is die rol van die vrou as vrou van haar man en die gesinslewe baie belangrik, en, alhoewel die kwessie van 'huislik wees en moederskap' belangrik is, is dit nie noodwendig 'bepalend' en die sentrale fokuspunt vir die vrou se rol/taak in die koninkryk nie. Verteenwoordigend hiervan is die *Council for Biblical Manhood and Womanhood*: <http://www.cbmw.org/>

3. die *leier-hulpskap* beskouing, is volkome eens met die komplimentêre beskouing:

- a. man en vrou is gelyk in waarde en wese geskape deur God,
- b. ontvang redding gelyk in Christus,
- c. die huwelik en gesin is baie belangrik, die vrou se rol/taak moet daarop gefokus wees, en

c. die vrou mag nie in die besondere ampte dien nie, maar wel ten volle in die amp van die gelowige.

Standpunte 2 en 3 is dus ten volle verenig in hul skriftuurlike beskouing oor die ampskwessie 'binne' die kerk, staan saam *teenoor* die egalitariese beskouing, maar verskil tog oor die belangrikheid en sentraliteit van aspekte soos 'moederskap' en 'huislik' wees. Die leier-hulpskap beskouing meen dat die algemene hoofskap van die man oor die vrou, nie net geld in die kerk nie, maar ook in die samelewing. Mans moet orals liefdevolle opofferende leiding gee, nie net in die kerk nie. Die vrou moet haar roeping in en om die huis vervul (wat vanselfsprekend beteken dat sy ook in die samelewing, soos die Spr.31 vrou betrokke gaan wees, maar altyd die gesin/huis as fokus). Verteenwoordigend hiervan is bv die *Vision Forum Ministries*: <http://www.visionforumministries.org/> Sien veral hul verklaring oor die man en vrou se rolle by: [http://www.visionforumministries.org/home/about/biblical\\_patriarchy.aspx](http://www.visionforumministries.org/home/about/biblical_patriarchy.aspx)

Tydens die GKSA se sinode 2009 het ek by die kommissie aangaande vroue in die diakenamp, die problematiek aangaande ons roepingsbeskouing (man en vrou se onderskeie rolle in die koninkryk oor die algemeen) asook ons ampsbeskouing (man en vroue se rol in die kerk) soos volg geformuleer:

"Ons is sedert 1988 nogsteeds (verkeerdelik) besig om by 1 Tim.2:11,12 te bly vassteek en terug te keer, terwyl ons, in gehoorsaamheid juis van 1988 se opdrag, al lankal by 1 Tim.2:15 en die volle implikasies daarvan moes gewees het en daarmee geworstel het".

Nou het daar al nog 'n geslag verbygegaan wat 1 Tim.2:15 gemis het, en die rampspoedige gevolge het prof. Paul Kruger vir ons duidelik uitgewys in sy artikel in die *Kerkblad*, oor die vermindering van kindertalle (Febr. 2009).

1 Tim.2:15 vat Paulus die *een* sentrale unieke eienskap van vrou wees (om kinders te baar), om ons te wys wat die hele fokus, beweegrigting, aandagspunt van "die vrou se rol in die kerk" moet en behoort te wees. Maar huidiglik, bly ons fokuspunt, lyk dit vir my, nogsteeds by hoe kan die vrou in die gemeentewerk oor die algemeen nog meer aangewend word. Daarteenoor, lyk dit vir my asof Paulus, in my eie woorde, wil sê: "godsvresende vrouens, as julle die kerk wil bou en tot diens wil wees - keer terug 'huistoe', wees weer 'huislik', kry kinders, 'n nageslag tot eer van die Here, maak die huis weer die sentrale plek van die gesin (en nie die kerkgebou, universiteit, skool, sportveld, ens. nie). Maak die huis en gesin weer die bastion van beide kerk en volk, en leer dit vir julle kinders, veral die dogters.

Dus, ons moet studies doen om nie net te sien hoe die vrou se gawes ten opsigte van 'gemeentewerk' beter gebruik kan word nie, maar juis 'bekeringsstudies' om vas te stel hoe kan ons ons dierbare vrouens en jonge dogters bevry word van die slawerny van om in die beroepswêreld/tydsgees op te gaan, waar moederskap en huislik-wees bloot as 'n stokperdjie beoefen word. Ons moet ook waak om van uitsonderings, die reël te maak, en sodoende die beginsel oorboord te gooi (bv. die jongvrou wat nog nie getroud is nie, die vrou wat nie geroep word tot die huwelik nie, die vrou wat nie kan kinders kry nie, die vrou wie se kinders almal uit die huis is, ens.).

Daarom sal dit goed wees om aandag te gee aan bv. Spr.31:10-31, en dan veral wat Paulus verder sê oor die vrou se rol/taak in die Pastorale briewe (1 en 2 Tim; Titus).

Die 'negatiewe' weet ons nou goed volgens 1 Tim.2:11-14. Maar wat is die 'positiewe', wat leer Paulus deur die Gees is die vrou se rol en taak? Ek het reeds 1 Tim.2:15 genoem, maar kyk ook na die volgende verdere Openbaring:

**1 Tim.5:3,4** <sup>3</sup> *Eer die weduwees wat waarlik weduwees is.* <sup>4</sup> *Maar as 'n weduwee kinders of kleinkinders het, laat hulle eers leer om teenoor hulle eie huis eerbied te betoon en vergelding te doen aan hulle ouers; want dit is goed en aangenaam voor God.*

Implikasie: Die weduwee vrou se fokus is op die gesin, die 'eie huis', hoe die kinders opgevoed word. Die vrou mag wel 'leer', nie ander mans nie, maar ander vroue en kinders.

**1 Tim.5:5-8** <sup>5</sup> *En sy wat waarlik weduwee is en alleen gelaat is, hoop op God en bly in smeking en gebede nag en dag.* <sup>6</sup> *Maar sy wat losbandig is, is lewendig dood.* <sup>7</sup> *Beveel ook hierdie dinge, sodat hulle onberispelik kan wees.* <sup>8</sup> *Maar iemand wat vir sy eie mense, en veral sy huisgenote, nie sorg nie, het die geloof verloën en is slegter as 'n ongelowige.*

Implikasie: Die gesin is die basis vir 'n gesonde gemeente. Dit help nie daar word mooi dienswerk vir die gemeente gedoen, terwyl my gesin/kinders/huwelik ten gronde gaan nie (sien veral vers 8).

**1 Tim.5:9-10** <sup>9</sup> *Laat 'n weduwee gekies word, nie minder as sestig jaar oud nie, wat die vrou van een man gewees het* <sup>10</sup> *en getuienis het van goeie werke, as sy kinders grootgemaak het, gasvry gewees het, die voete van die heiliges gewas het, verdruktes gehelp en elke goeie werk nagestreef het.*

Implikasie: Hoekom word 'n weduwee gekies bo sestig jaar ? Omdat sy nie meer kan kinders kry nie, omdat sy reeds haar kinders grootgemaak 'het' (verlede tyd). Sy is nie meer so gebonde aan 'huislik' wees nie, omdat haar gesin daardeur is. Sy het dus die papiere, om nou in die kerk ander vroue te leer en kinders te help. Insiggewend, sy het al die 'dienswerk' verrig (o.a. vrou wees/moeder wees/gasvry/voete was/ verdruktes help/ goeie werke/ ens), sonder dat sy in enige besondere amp gestaan het !

Verder, al sou 'n mens glo dat vroue diakens verkies kan word, dan moet dit vroue wees wat aan hierdie vereistes voldoen, en nie jong ongetroude meisies of susters wat nog gesinne het om voor te sorg nie, want Paulus leer ons in die volgende verse wat God se wil is vir jong weduwees, en by implikasie ook vir jong (ongetroude) vroue:

**1 Tim.5:11-14** <sup>11</sup> *Maar jy moet die jong weduwees afwys; want wanneer hulle tot oneer van Christus wellustig word, wil hulle trou* <sup>12</sup> *en kom onder 'n oordeel, omdat hulle hul eerste geloof verwerp het.* <sup>13</sup> *En tegelykertyd leer hulle ook om ledig by die huise rond te gaan; en nie alleen is hulle ledig nie, maar ook praatsiek en bemoeisiek, want hulle praat wat nie behoorlik is nie.* <sup>14</sup> *Ek wil dan hê dat die jong weduwees moet trou, kinders baar, hulle huise regeer en die teëparty geen aanleiding gee om kwaad te spreek nie.*

Implikasies: Paulus leer hier dat God se wil vir die vrouens die huwelik is, kinders kry, hul 'huise regeer' (nie oor mans of in die kerk of in die samelewing regeer nie). Dit is die fokus van hul lewe, hul roeping en taak wat hul heelyd in ag moet neem wanneer hul besluite neem oor hul lewenstoekoms. Paulus leer verder in Titus:

**Titus 2:3-5** <sup>3</sup> *Die ou vroue moet ook in hulle gedrag wees soos dit die heiliges betaam, geen kwaadspreeksters of aan baie wyn verslaaf nie, maar leraresse van wat goed is,* <sup>4</sup> *sodat hulle die jong vroue kan leer om versigtig te wees, hulle mans en kinders lief te hê,* <sup>5</sup> *ingetoë te wees, kuis, huislik, goed, aan hul eie mans onderdanig, sodat die woord van God nie belaster word nie.*

Implikasies: Dus, volgens 1 Tim.5 en Titus kan die vrou leer/regeer, maar binne hul domein. Vrouens mag en moet ander vrouens en kinders leer, hulle is leraresse. Wat leer die ouer vrouens die jonger vrouens ? Om goeie prokureurs en politici te word ? Nee, om 'huislik' te wees, ter wille van die woord van God, ter wille van die opbou van die 'huis van God' (1 Tim.2:15).

Daar gaan tye wees dat 'n jongvrou/weduwee/geskeide vrou ens., nie anders as kan om buite die huis te werk nie, maar dit moet die reël bevestig. Die kerke moet ons vrouens juis help om hul roeping te kan vervul (geestelike én finansiële hulp), al gaan dit baie opofferings en bekering van sekere lewenswyses en verwagtings vra. Hierdie verandering van lewenswyse sal nie oornag gebeur nie. As

gevolg van dekades se feministiese invloede asook die soeke na die 'lui-lekker lewe', het ons en ons geslag ons nou in situasies geplaas waarin dit weer baie jare kan vat om weer die praktyk ook so te verander, dat dit weer moontlik word vir vrouens om waarlik 'huislik' te wees.

Maar, ons kan en moet solank ons denke begin vernuwe (dus die Skrif bestudeer en oordink), om uit te vind wat die goeie en welgevallige wil van God is oor ons roeping en take as man en vrou, en nie gelykvormig te word aan die denkwyse en praktyk van ons huidige en toekomstige androgene-feministiese samelewing (en baie maal ongelukkig) kerke in ons tye nie (Rom.12:1,2).

Die vraag is dus nie: of 'n vrou mag 'werk' nie, dit is 'n gegewe dat ons vrouens (en mans !) goed en hard moet werk en nie ledig moet wees nie (1 Tim.5:13). Die vraag is eerder: waar, hoe sy moet werk, en wat haar fokuspunt en domein moet wees in diens van God, in diens van die gesin en naaste, in diens van sy kerk en koninkryk.

My mening is dus dat die komplimentêre beskouing goed is vir soverre dit teen die egalitariese beskouing wal gooi, maar hul reformasie is nie diepgaande en deurgaande genoeg nie. Daar moet dus meer aandag gegee word aan die leier-hulpenskap beskouing, wat ek meen die oorspronklike skeppingsordelike, in Christus herstelde en bevestigende 'model' is wat die Skrif leer, juis terwille van die toekoms van ons kerke, waarin ons God wil eer deur die komende geslagte.

## **WETTIG GEROEP ?** **B. van der Eems<sup>4</sup>**

Wanneer 'n ouderling of 'n diaken bevestig word, is die eerste vraag wat die man moet antwoord : "*Is u in u hart daarvan oortuig dat u wettig deur die gemeente van God en daarom deur God self tot hierdie heilige diens geroep is?*". As hierdie man in sy hart daarvan oortuig moet wees dat hy wettig geroep is, behoort hy tog presies te verstaan hoe 'n wettige roeping lyk. In hierdie artikel word ingegaan op hoe so 'n wettige roeping behoort te lyk.

As uitgangspunt word geneem dat 'n wettige roeping in ooreenkoms met die Skrif behoort te wees. 'n Roeping in ooreenkoms met die reëlings van die plaaslike kerkraad maak nie die roeping wettig nie. Slegs die roeping wat in ooreenkoms met die Skrif is, is wettig.

Twee aspekte word in hierdie artikel beskou:

1. Iemand wat wettig geroep is, moet aan die vereistes van die diens voldoen.
2. Iemand wat wettig geroep is, moet deur 'n wettige prosedure geroep word.

### **Die vereistes van die amp**

In 1 Tim. 3 word 'n hele lys van vereistes gegee waaraan ouderlinge en diakens moet voldoen.

Hulle moet manne van een vrou wees. Dit sluit daarom manne met meer as een vrou uit. Daarom sou Jakob en Dawid nie geskik wees as ouderlinge in die Nuwe Testamentiese kerk nie. Dit sal ook manne uitsluit wat geskei het en weer getrou het. Dit sluit ook manne uit wat geen vrou het nie, soos jong- en ongetroude manne.

Hulle moet hul huis goed regeer. Die woord "*huis*" dui hier op 'n gesin. Dit bevestig weer dat geskeide manne nie kan dien nie, want hoe kan jy sê dat so iemand sy huis goed geregeer het? Dit bevestig ook

---

<sup>4</sup> Bouwe van der Eems is 'n stelsel ingenieur verbonde aan *Dimension Data* en hy is lidmaat van die Gereformeerde Kerk Bellville.  
*Pro Regno*

dat ongetroudes nie kan dien nie, want hoe kan jy weet dat iemand wat nog nie 'n gesin het, sy huis goed regeer of nie?

Indien 'n man wel 'n gesin het, hoe bepaal mens egter of 'n man sy huis goed regeer? Christus leer in Mat. 7:20 dat ons mense aan hulle vrugte ken. Moet ons daarom nie manne beoordeel aan die vrugte van hulle regering nie, naamlik die kinders wat opgegroeï het in daardie man se huis? Indien dit so is, dan bevestig dit dat hulle "oud" moet wees en al volwasse kinders moet hê, want hierdie kinders kan beskou word as die vrugte van die man se regering en sy regering kan beoordeel word aan hierdie vrugte.

Ouderlinge moet bekwaam wees om te onderrig. As 'n man nie sy kinders onderrig in die Skrif en die kategismus nie, maar daardie taak oorlaat aan die kerk of die sondegskool, hoe kan van so 'n man gesê word dat hy bekwaam is om te onderrig? As 'n man wel sy kinders onderrig, hoe kan ons sê dat hy bekwaam is om te onderrig, as ons nie die vrugte van sy onderrig gesien het nie. Wanneer hierdie kinders belydenis van geloof aflê, word die vrugte van onderrig getoets. Eers daarna kan van 'n vader gesê word dat hy bekwaam is om te onderrig. Om voor belydenisaflegging van sy kinders te beweer dat iemand bekwaam is om te onderrig, is spekulasie.

Die woord "oudste" in die ou testament word afgelei van die woord "oud" en dui op 'n ou man. In die nuwe testament word die woord "oudste", "ouderling" of "opsiener" gebruik. Hierdie woorde dui daarop dat ouderlinge oud behoort te wees. Petrus bevestig dit, as hy, nadat hy met die ouderlinge praat in 1 Pet. 5 die volgende sê : "*Net so moet julle, jongeres, aan die oueres onderdanig wees;*". Alhoewel die woord "oud" nie aan 'n spesifieke ouderdom gekoppel kan word nie, kan dit wel aan 'n spesifieke fase van iemand se lewe gekoppel word, naamlik die fase waarin die man se kinders al volwasse is. 'n Ou man is 'n man wie se kinders al volwasse is. 'n Man met opgroeiende kinders kan daarom nie as "oud" beskou word nie.

As iemand waarvan ons nog nie die vrugte van sy onderrig en regering gesien het nie, gekies word om te dien, kan so iemand opreg bely dat hy wettiglik tot diens geroep is?

### **Die proses van roeping**

Terwyl 'n man besig is om sy kinders op te voed, word hy deur God geroep om sy taak as vader te verrig. Aan hierdie vaders gee hy die opdrag in Ef. 6:4 : "*En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here.*"

As 'n man sy taak as vader goed afgehandel het, dan eers kan dit sigbaar word vir die gemeente dat daardie man geskik om te dien as ouderling of diaken. As 'n man in staat was om hierdie taak goed te af te handel, is dit die gevolg van die werk van die Heilige Gees in daardie man se hart. Wanneer dit daarom sigbaar word aan die gemeente dat 'n man geskik is om te dien, dan kom dit neer op 'n openbaring van God. God het hierdie man bekwaam gemaak vir die diens.

As God op hierdie wyse openbaar dat sekere mans bekwaam is om te dien, op watter gronde kan 'n kerkraad besluit dat daar "te veel" is? In die geval van die apostels het God geopenbaar dat daar slegs twaalf apostels mag wees. Niks meer nie en niks minder nie. Toe daar 'n apostel in die plek Judas Iskariot gekies moes word, was daar twee manne wat geskik was vir die taak. Daar was dus te veel manne wat geskik was en daarom is daar van die lot gebruik gemaak om een uit die twee te kies.

Die Skrif openbaar egter nie aan ons dat 'n gemeente twaalf ouderlinge moet hê nie. As God openbaar dat sekere manne bekwaam is om te dien, dan is daar dus geen gronde op grond waarvan die kerkraad kan beweer dat daar te veel manne is om te dien nie. Daar kan dus geen rede wees waarom die kerkraad 'n verkiesing moet hou om te verhoed dat daar "te veel" manne dien nie.

Selfs al sou daar 'n rede wees waarom 'n kerkraad net uit 'n sekere hoeveelheid manne moet bestaan, is daar enige gronde om van 'n verkiesing gebruik te maak om uit te werk wie van die manne moet dien? Nêrens in Bybel lees ons dat daar van 'n verkiesing gebruik gemaak is om ouderlinge of diakens aan te wys nie. In die spesiale geval, toe slegs een apostel aangewys moes word, is van die lot gebruik gemaak en nie van 'n verkiesing nie.

As iemand dus gekies is om te dien, omdat die kerkraad sonder enige gronde bepaal dat daar slegs 'n sekere hoeveelheid "poste" is wat gevul moet word, hoe kan ons bely dat daardie man deur 'n wettige proses gekies is? As die man gekies is in 'n verkiesing, sonder dat daar enige Skriftuurlike voorbeelde is waar gebruik gemaak word van 'n verkiesing om die manne wat geskik is uit te dun, hoe kan iemand wat hierdie proses oorleef het met 'n opregte hart voor die gemeente beweer dat hy deur 'n wettige proses tot die diens geroep is?

### **Opsomming**

Voor iemand voor die kansel gaan staan en voor almal bely dat hy wettig geroep is tot die diens van ouderling of diaken, moet daar deeglik nagedink word hieroor. Manne moet getoets word aan die vrugte van hulle regering en hulle onderrig. Manne moet gekies word deur 'n proses wat ons in die Skrif kan vind.

Redakteur: Slabbert Le Cornu, predikant van die Gereformeerde Kerk Carletonville.

Kontakbesonderhede: Posbus 5 Carletonville 2500 Selnr 083 660 1578 E-pos: [proregno@gmail.com](mailto:proregno@gmail.com)

Esra Instituut: [www.esra-instituut.co.nr](http://www.esra-instituut.co.nr) Blog: <http://proregno.blogspot.com>

"As jy die wêreld wil verander, neem jou pen op" – Maarten Luther